**Obaro Groep**, is 'n toonaangewende landboumaatskappy, daarop gefokus om die boer by te staan. Obaro het 'n wye spektrum van produkte en dienste wat ondermeer, kleinhandel, finansiering en versekering insluit. Obaro bied uitstekende geleenthede vir individue om hul vaardighede te ontwikkel en om deel te word van hierdie snelgroeiende maatskappy.

**BESIGHEIDSONTWIKKELINGSBESTUURDER**
**OBARO BESTUURSDIENSTE**
*(Verw.: 16/109)*

Die geskikte kandidaat sal aan die Finansiële Direkteur rapporteer en deel vorm van Obaro Groep se bestuurspan.

**Verantwoordelikhede:**

- Volle verantwoordelikheid vir lewensvatbaarheidstudies en hoë-vlak ondersoeke op potensiële projekte;
- Noulettendheidsoorsigte op nuwe besigheidsmoontlikhede;
- Identifikasie, asook evaluasie van korporatiewe transaksies;
- Strategiese, finansiële en rekeningkundige analises;
- Projekbestuur;
- Verantwoordelik vir die koördinering van besigheidsintelligensie en verwante navorsing op groepvlak; en
- Optimalisering van interne besigheidsmodelle en -prosesse.

**Vaardighede, kwalifikasies en algemene vereistes:**

- 'n BCom kwalifikasie sal voorkeur geniet (CA(SA) en/of MBA sal as sterk motivering dien;
- Ten minste drie (3) jaar ondervinding in projekbestuur (verkieslik in die landbou-omgewing);
- Ondervinding en kennis van kommersiële transaksies, handelsreg en IFRS;
- Kennis in maatskappy- en belastingwette is noodsaaklik;
- Uitstekende kommunikasievaardighede, asook goeie menseverhoudinge;
- Sterk analitiese vermoëns en die vermoë om onafhanklik te funksioneer;
- Teoretiese kennis van waardasiemodelle en optimale finansieringsmodelle;
- Innoverende ingesteldheid met 'n sterk fokus op identifisering van strategiese geleenthede; en
- Rekenaargeletterd (MS Excel op 'n gevorderde vlak).

Obaro bied die geskikte kandidaat 'n mededingende pakket, gebaseer op totale koste van indiensneming.

Belangstellendes kan 'n verkorte CV van nie meer as drie bladsye nie, aan **Christa Howes** e-pos by careers@obaro.co.za. Gebruik die toepaslike posverwysing vir die pos waarvoor u aansoek doen.

**Sluitingsdatum: Sondag, 18 September 2016.**

Indien u 30 dae na die sluitingsdatum nog nie van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol is.